13. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die toegewyde werk van Wynand Carelse van die Lwandle-polisiestasie loof, wat tot die suksesvolle skuldigbevinding en vonnisoplegging van Sandiso Bhushu in die Somerset-Wes-streekhof gelei het; verder kennis neem dat Bhushu op 28 Januarie 2026 tot 20 jaar tronkstraf gevonnissen is vir die moord op 'n 29-jarige man in Lwandle in Mei 2024; erkenning gee dat hierdie skuldigbevinding voorafgegaan is deur 'n deeglike ondersoek en samewerking deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens; en die betrokke beamptes aanprys omdat hulle toegesien het dat geregtigheid seëvier en omdat hulle die publiek se vertroue in die strafregstelsel versterk het.

Goedgekeur.

14. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis alle kunstenaars, tegnici, feesgangers en rolspelers gelukwens met die suksesvolle Klein Karoo Nasionale Kunstefees 2026, wat in Oudtshoorn aangebied is; verder kennis neem dat die fees vir 30 jaar 'n belangrike rol speel in die viering en bevordering van Suid-Afrika se diverse kunste- en kultuurlandskap, terwyl dit ook 'n beduidende bydrae lewer tot die Wes-Kaap se kreatiewe ekonomie, plaaslike ekonomiese groei en toerisme; erkenning gee aan die vyfjaarmylpaal van die Karoo Kaarte-inisiatief, 'n gemeenskapsgedrewe projek wat plaaslike stories en geskiedenis bewaar en onlangs die Blou Fiesta by die Fiesta-toekennings ontvang het; en alle rolspelers, soos die Wes-Kaapse Regering en die Oudtshoorn-munisipaliteit, bedank vir hul ondersteuning in die bevordering van kuns, kultuur en gemeenskapsontwikkeling.

Goedgekeur.

15. Me M M Wenger stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy dankbaarheid uitspreek teenoor mnr Simon Kaye, Hoof- finansiële beampte en Adjunk-direkteur-generaal van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand vir sy jarelange toewyding, wysheid en medemenslikheid in diens van die mense van provinsie; kennis neem dat hy besonderse beperkte en ingewikkelde fiskale omstandighede moes hanteer, en 'n standvastige, beginselvaste en veel vertroude werker was, wat leiding en insig verskaf het wat waarde by elke besluit gevoeg het; kennis neem dat hy 'n onbaatsugtige leierskapstyl

verpersoonlik het wat in die Departement en die staat uitgekring het; en dankbaarheid teenoor mnr Kaye uitspreek en hom voorspoed vir die toekoms toewens.

Goedgekeur.

16. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die organisasie sonder winsoogmerk PremUbuntu, en die Prem Rawat-stigting gelukwens met die verspreiding van meer as 1,7 miljoen maaltye aan weerlose gemeenskappe op die Kaapse Vlakte tussen November 2024 en Februarie 2026; verder kennis neem dat die Kos vir Mense-program, wat uit sy kombuis in Epping bedryf word, noodsaaklike voeding aan kinders, senior burgers en mense met gestremdhede in gebiede insluitende Bishop Lavis, Manenberg, Lavender Hill, Retreat, Hanover Park en Langa verskaf; die fasiliteitsbestuurder, Collin Barends, en die span van 35 toegewyde vrywilligers aanprys vir hul onvermoeide pogings om toe te sien dat duisende inwoners maaltye ontvang; en verder kennis neem dat PremUbuntu by 'n internasionale netwerk van humanitêre uitnemendheid aansluit wat waardigheid en gesondheid in onderbefondsde gemeenskappe bevorder.

Goedgekeur.

17. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Regering gelukwens met die vinnige hantering van die bek-en-klouseer-krisis in die provinsie; kennis neem dat die provinsie meer as 180 000 entstofdosisse by meer as 600 entstofpersele met sukses toegedien het; die bekendstelling van die regstreekse moniteringsmeganisme vir inenting vir bek-en-klouseer as 'n mylpaalinnewering aanprys, wat intydse deursigtigheid en datagedrewe nasporing van die inentingsvordering van die provinsiale kudde aan die publiek en landboubelanghebbendes verskaf; erkenning gee aan die samewerkingspogings van die Gesamentlike Bedryfsentrum, provinsiale veteriniêre dienste en 29 privaat veeartse wat onvermoeid gewerk het om die 21-punt-reaksieplan in te stel, insluitende 24/7-grensmonitering en streng bewegingsbeheermaatreëls; en sy waardering uitspreek teenoor alle wetstoepassingsvennote en bedryfsbelanghebbendes vir hul waaksaamheid en samewerking om dieregesondheid en ekonomiese stabiliteit tydens hierdie uitdagende tydperk te beskerm.

Goedgekeur.

18. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van regter Taswell D Papier van die Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof op 7 April 2026, soos deur die Kantoor van die Hoofregter aangekondig; verder kennis neem van sy lewenslange toewyding aan geregtigheid, insluitende sy vroeë werk as studentaktivis, sy regspraktyk wat weerlose gemeenskappe gedien het, en sy verteenwoordiging van mense wat tydens apartheid vervolgd is; erkenning gee aan sy baanbrekersrol om toegang tot geregtigheid deur middel van pro bono-regswerk te bevorder, en sy leierskap om sulke praktyke in die regsberoep te institutionaliseer; erkenning gee aan sy uitmuntende diens in die regbank, wat gekenmerk is deur integriteit, billikheid en 'n diepe toewyding aan grondwetlike regte en administratiewe geregtigheid; sy bydrae tot die regsgemeenskap aanprys, insluitende sy mentorskap van geslagte regspraktisy en sy betrokkenheid by professionele liggame soos die Nasionale Vereniging van Demokratiese Prokureurs; innige meegevoel betuig met sy vrou, Joy, sy kinders, Roscoe en Kayla, en sy uitgebreide familie, kollegas en die groter regs-

gemeenskap; en besluit om sy nalatenskap as 'n juris wat meelewing, waardigheid en onwrikbare toewyding aan die oppergesag van die reg verpersoonlik het, te vereer.

Goedgekeur.

19. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Kaapstadse Internasionale Jazz-fees, wat jaarliks by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum gehou word, vier as een die beste jazz-geleenthede ter wêreld; verder kennis neem van die groei van die fees sedert dit in 2000 aanvang geneem het, en nou meer as 30 000 bywoners lok en meer as 40 internasionale en Afrika-kunstenaars op talle verhoë verwelkom; erkenning gee aan sy reputasie as “Afrika se Grootste Gebeurtenis”, wat 'n eklektiese vermenging van plaaslike en internasionale jazz-talent ten toon stel; erkenning gee aan die fees se rol om opkomende talent deur middel van werkwinkels en ontwikkelingsplatforms te ontwikkel; en sy beduidende bydrae tot toerisme, werkskepping en die plasing van Kaapstad as 'n toonaangewende internasionale bestemming vir kuns en kultuur aanprys.

Goedgekeur.

20. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem van die tragiese skietvoorval wat op Woensdag 8 April 2026 om en by 22:20 in Kokaboomstraat, Delft-Suid, plaasgevind het waartydens 'n 37-jarige manlike slagoffer, wat 'n lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag is en ten tyde van die voorval van diens was, talle skietwonde opgedoen het en op die toneel dood verklaar is; verder kennis neem dat die omstandighede van die voorval ondersoek word; kennis neem dat voorlopige ondersoeke aandui dat daar geen verband met Operasie Vooruitgang (“Operation Prosper”) is nie, en dat die verdagtes steeds op vrye voet is; en 'n beroep doen op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, spesifiek die Delft-speurders, om hul noukeurige ondersoek voort te sit om toe te sien dat diegene wat verantwoordelik is, aan die pen ry.

Goedgekeur.

21. Me M M Wenger stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die familie, vriende en geliefdes van die ontslape dr Gio Perez, voormalige Hoof van die Metropolitaanse Gesondheidsdiens van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand; kennis neem dat dr Perez 'n toegewyde leier was wat 'n kritieke rol gespeel het om gesondheidsorg te versterk en toe te sien dat dienste gemeenskappe bereik waar dit die nodigste was; kennis neem dat hy innig geliefd was deur almal wat hom geken het; kennis neem van sy nalatenskap van diens, medelye en leierskap wat steeds rigting gee aan die werk wat ons vandag doen; en dr Perez vereer vir sy merkwaardige bydrae en innige meegevoel betuig met sy familie, sy kollegas en sy geliefdes.

Goedgekeur.

22. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Adriaan Wildschutt, 'n boorling van Witzenberg, gelukwens nadat hy die eerste Suid-Afrikaner geword het wat die New York City-halfmarathon gewen het; verder kennis neem dat hierdie geskiedkundige prestasie 'n bron van trots vir Witzenberg is en 'n sterk herinnering aan die talent is wat uit Suid-Afrika se plattelandse dorpe spruit; erkenning gee aan die dissipline, veerkragtigheid en doelgerigtheid wat nodig is om hierdie mylpaal te behaal, en

die inspirasie wat dit aan jong atlete in die gemeenskap bied; en Adriaan Wildschutt en sy familie voorspoed toewens vir voortgesette sukses op die internasionale verhoog.

Goedgekeur.

23. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Soli Philander in die ouderdom van 65; verder kennis neem van sy geweldige bydrae tot Suid-Afrika as 'n veelsydige vermaaklikheidskunstenaar, insluitende sy werk in produksies soos *Let's Fix It*, *Vat 'n Kans* en *Liriekeraai*, waarmee hy vreugde, lag en nabetragting na gehore in die land gebring het; erkenning gee aan sy rol as 'n gerespekteerde akteur, skrywer, radio- en televisiepersoonlikheid, en aktivis wat sy platform gebruik het om ander te op te hef en te inspireer; en innige meegevoel betuig met sy kinders, sy gewese vrou, Toni, sy uitgebreide familie, vriende, kollegas en almal wat deur sy lewe en nalatenskap geraak is.

Goedgekeur.

24. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die voorgestelde uitbreiding van die V&A-waterfront ter waarde van R24 miljard verwelkom, wat 'n visionêre projek is wat ten doel het om die gebied se status as Afrika se mees besoekte bestemming en die primêre enjin van die Wes-Kaap se toerisme-ekonomie te versterk; kennis neem dat die uitbreiding by Grangerbaai die strategiese hervorming van 3,8 hektaar grond behels, wat deur wêreldgehalte- mariene ingenieurswese en toegewyde kusbeskermingsinfrastruktuur ondersteun word om die stabiliteit van ons kuslyn oor die lang termyn te verseker; die V&A-waterfront se toewyding aan volhoubare stedelike beplanning aanprys, insluitende die integrasie van mikromobiliteit, verbeterde koppeling van openbare vervoer en die bevordering van arbeidsmagbehuising om verkeersopeenhoping te verminder en om toeganklikheid vir alle inwoners te verbeter; verder kennis neem van die proaktiewe omgewingsbenadering wat die ontwikkelaars toepas, insluitende die gebruik van skaalmodeltoetse en spesialis- mariene studies om plaaslike biodiversiteit te beskerm; en sy steun toewys aan hierdie transformerende geleentheid om Kaapstad se vernaamste kuslyn te hervorm en alle belanghebbendes aanspoor om aan die proses vir openbare kommentaar deel te neem om toe te sien dat die projek die maksimum sosio-ekonomiese voordele aan die mense van die Wes-Kaap bied.

Goedgekeur.

25. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: dat die Huis die Elandskloof-gemeenskap en die projekvennote gelukwens met die onthulling van hul baanbrekersgemeenskapsentrum naby Citrusdal; verder kennis neem dat die struktuur die eerste van sy soort in Suid-Afrika is wat gebou is met innoverende bakstene wat van die biomassa van indringerswartwattel gemaak is, en 'n omgewingsgevaar doeltreffend in 'n duursame bou-oplossing omskep; die samewerkingspogings van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, die WNNR en nonCrete aanprys omdat hulle hierdie laekoolstof-konstruksiestelsel ontwikkel het, wat koolstofvrystelling met tot 75% verminder in vergelyking met gewone betonmetodes; en erkenning gee aan die beduidende omgewingsvoordele van die projek, insluitende die verwydering van 8,5 hektaar indringerplantegroei, wat varswatervoorsiening in die Groot Winterhoek- strategiese waterbrongebied verbeter het en veldbrandgevaar verminder het.

Goedgekeur.

26. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dit verwelkom dat die Twee Oseane-marathon op 11 en 12 April 2026 in die Wes-Kaap gehou word, wat wêreldwyd as die “wêreld se mooiste marathon” bekendstaan, waar duisende atlete van Suid-Afrika en van die wêreld aan die ultramarathon sowel as die land se grootste halfmarathon deelneem; verder kennis neem van die ikoniese roete wat Chapmanspiekrylaan insluit, wat die provinsie se natuurskoon ten toon stel; en die organiseerders en alle belanghebbendes aanprys omdat hulle ’n geleentheid van wêreldgehalte aanbied wat toerisme bevorder, plaaslike sakeondernemings ondersteun en die Wes-Kaap se bekendheid as een van die beste bestemmings vir internasionale sportgeleenthede versterk.

Goedgekeur.

27. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Kyle Corbett gelukwens nadat hy ’n PhD-graad in Voedselwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het; kennis neem dat sy doktorale navorsing kritieke insig verskaf oor die patogeen *Listeria-monosytogene*, wat steeds een van die gevaarlikste voedselbedreigings vir openbare gesondheid is; erkenning gee aan die erns van listeriose as ’n siekte wat deur voedsel versprei word, en die verwoestende nasionale impak van die uitbreking in vorige jare in herinnering roep wat gekoppel is aan verwerkte vleisprodukte en die behoefte aan kragtige wetenskaplike ingryping; die uiters waardevolle werk van die Sentrum vir Voedselveiligheid by die Universiteit Stellenbosch aanprys om die hoëvlakkundigheid te bevorder wat nodig is om sulke biologiese gevare in die nasionale voedselketting te monitor en te verklein; verder kennis neem dat dr Corbett se navorsing ’n uiters noodsaaklike bedryfsfokus handhaaf, en toesien dat akademiese deurbrake in praktiese veiligheidsprotokolle vir die voedsel- en agriverwerkingssektore omgeskakel word; en dr Corbett hartlik gelukwens met sy akademiese uitnemendheid en vir sy bydrae om voedselvervaardiging veiliger en meer veerkragtig vir alle Suid-Afrikaners te maak.

Goedgekeur.

28. Mnr K Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die wonderhekkiesatleet en -naelloper Naeem Jack die Afrika-juniorrekord in die 110 m-hekkies verpletter het; verder kennis neem dat die 19-jarige Naeem die o. 20-mansfinaal in 13,02 s gewen het by die Atletiek Gauteng-Noord-kampioenskap in Pretoria in Maart 2026; erkenning gee dat hy in 2025 die Suid-Afrikaanse onder 20-rekord vir mans in die 110 m-hekkies (13,16 s) gewen het; verder kennis neem dat hy sy eie nasionale en vastelandrekord van 13,16 s verbeter het wat verlede jaar in Kaapstad opgestel is; erkenning gee dat hy uit Colorado Park in Mitchells Plain en Ottery kom; verder erkenning gee dat hy die Hoërskool Mondale in Mitchells Plain bygewoon het en met die UWK-atletiekkklub geassosieer word; erkenning gee dat hy op 18-jarige ouderdom aan sy eerste Wêreld-atletiekkampioenskap deelgeneem het; verder erkenning gee dat hy nou die agtste vinnigste junior atleet in die geskiedenis in naelloophekkies is; erkenning gee dat hy sy plek by die Wêreldatletiek se o. 20-kampioenskap vanaf 5 tot 9 Augustus 2026 behaal het; en hom voorspoed toewens vir die Wêreldatletiek se o. 20-kampioenskap.

Goedgekeur.

29. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Nosipho “Mhizana” Daniels, ’n onverskrokke gemeenskapsaktivis, pastoor en kampvegter in die stryd teen geslagsgebaseerde geweld van Langa; erkenning gee aan haar onwrikbare toewyding aan die beskerming van die mees weerlose mense, haar geestelike leierskap en haar diens deur die Malihambe Women Outreach, waar sy ’n kragtige stem teen ongeregtheid en ’n bron van hoop en leiding vir talle was; kennis neem dat haar dood ’n diepe verlies vir die mense van Langa is en almal wat daaraan toegewyd is om veiliger en meer gelyke gemeenskappe te bou; innige meegevoel betuig met haar familie, vriende, gemeente en die groter gemeenskap; en haar nalatenskap vereer deur die stryd teen geslagsgebaseerde geweld te versterk.

Goedgekeur.

30. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met skok en verontwaardiging kennis neem van die wrede moord op 25-jarige Entle Manzi, wat na bewering deur haar gewese lewensmaat in Parowvallei doodgesteek is; kennis neem dat hierdie sinnelose moord nog ’n herinnering is aan die voortslepende krisis met geslagsgebaseerde geweld in ons gemeenskappe, waar vroue steeds geteiken en vermoor word, dikwels deur diegene wat aan hulle bekend is; kennis neem dat haar dood die dringende behoefte aan verbeterde optrede beklemtoon om vroue te beskerm en oortreders verantwoordingspligtig te hou; hierdie gruwelike daad ten sterkste veroordeel; innige meegevoel betuig met haar familie en geliefdes; en ’n beroep doen op geregtigheid sowel as op dringende en beslissende ingryping om ’n einde te bring aan geslagsgebaseerde geweld.

Goedgekeur.

31. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Salmaan Moerat, met die afsluiting van sy betrokkenheid by die Stormers, gelukwens met sy uitnemende bydrae tot Wes-Kaapse en Suid-Afrikaanse rugby; erkenning gee aan sy leierskap as kaptein, sy toewyding aan uitnemendheid op en van die veld af, en sy rol om die status van die span te verhoog en jong atlete in ons provinsie te inspireer; kennis neem dat hy, deur sy loopbaan, meer as 70 wedstryde gespeel het en met onderskeiding as Stormers- en Springbok-kaptein gedien het; kennis neem dat sy vertrek oorsee nie net ’n nuwe hoofstuk vir hom en sy familie is nie, maar ook die internasionale erkenning van sy talent en leierskap weerspieël; en erkenning gee dat sy nalatenskap in die Wes-Kaap blywend sal wees.

Goedgekeur.

32. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer en verontwaardiging kennis neem van die tragiese moord op die psigiater dr Jane Luck (71) en haar man, geofisikus Rolf Luck (77), by hul huis in Plettenbergbaai; erkenning gee aan hul lewenslange bydrae tot die samelewing deur hul onderskeie beroepe; kennis neem dat hul sinnelose moord ’n strak herinnering is aan die voortslepende krisis met geweldsmisdaad wat gemeenskappe in ons land raak; kennis neem dat hul dood ’n beduidende verlies vir hul familie, vriende en die groter gemeenskap is; en innige meegevoel betuig met hul geliefdes.

Goedgekeur.

33. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Phindile George, Voorster van die Khayelitsha-gemeenskapspolisiëringsforum, gelukwens nadat hy 'n toonaangewende toekenning ontvang het ter erkenning van sy onvermoeide pogings om misdaad te bekamp en gemeenskapsveiligheid te bevorder; erkenning gee aan sy leierskap, getrouheid en onwrikbare toewyding om veiliger gemeenskappe in Khayelitsha te skep; erkenning gee daaraan dat sy werk as inspirasie vir gemeenskapsleiers en jongmense in die Wes-Kaap dien; kennis neem dat sy prestasies die kritieke rol van gemeenskapsgedrewe inisiatiewe beklemtoon om veiligheid, geregtigheid en maatskaplike samehorigheid te versterk; en mnr George aanprys vir sy diens, sy uitnemende bydrae tot misdaadvoorkoming loof, en die voortsetting van sy voorbeeldige werk aanmoedig om veiliger gemeenskappe te bou.

Goedgekeur.

34. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vrouespan van die Guguletu-krieketklub gelukwens nadat hulle as kampioene van die Westelike Provinsie Krieketvereniging se Eerste Liga A gekroon is en 'n geskiedkundige bevordering na die Premierliga behaal het, 'n buitengewone prestasie vir 'n township-span in die vereniging; erkenning gee dat hierdie mylpaal nie net uitnemende vaardigheid, dissipline en eenheid op die veld weerspieël nie, maar ook die groter moontlikheid van township-sport om jong atlete te inspireer, om geleenthede uit te brei en om vrouekrieket in die Wes-Kaap op te hef; die spelers, afrigtingspersoneel, amptenare en ondersteuners aanprys vir hul toewyding; hierdie mylpaalsukses vier; en voortgesette uitnemendheid aanmoedig terwyl hulle voorberei om op die Premierligavlak mee te ding.

Goedgekeur.

35. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Andile Mbali van Bitou, voormalige Provinsiale Sekretaris van die ANC-jeugliga in die Wes-Kaap; aan hom erkenning gee as 'n toegewyde staatsamptenaar en gemeenskapsleier, wat in verskeie rolle gedien het, insluitende Waarnemende Bestuurder, Ekonomiese Ontwikkeling by die Bitou-munisipaliteit, sowel as posisies in die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap en die Kantoor van die Onderburgermeester van Bitou; kennis neem dat hy toegewyd was aan sy werk en om die mense van Bitou met nederigheid en passie te dien; verder kennis neem dat sy dood 'n beduidende verlies is vir sy familie, vriende, kollegas en die groter gemeenskap wat hy gedien het; innige meegevoel betuig met sy geliefdes; sy toewyding en diens vereer; en erkenning gee aan die positiewe impak wat hy op sy gemeenskap gehad het.

Goedgekeur.

36. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van Amahle Ngqentsu, die geliefde dogter van Lid Ngqentsu; innige meegevoel betuig met die Ngqentsu-familie en geliefdes; en ondersteuning aanbied in hierdie uiters moeilike tyd.

Goedgekeur.

37. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Naledi Pandor gelukwens met haar aanstelling as Kanselier van die Nelson Mandela-universiteit, met ingang 1 April 2026; erkenning gee aan haar uitnemende loopbaan as 'n akademikus, aktivis en staatsamptenaar, sowel as haar lewenslange toewyding om onderwys te bevorder as 'n instrument vir transformasie, waardigheid en maatskaplike geregtigheid; kennis neem dat haar aanstelling die vertroue in haar leierskap weerspieël en haar vermoë om die waardes en visie van die instelling op nasionale sowel as internasionale vlak te handhaaf; dr Pandor aanprys vir hierdie prestasie; en haar sukses in haar nuwe rol toewens.

Goedgekeur.

38. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Xolani Diniso, wyk 86-raadslid, gelukwens nadat hy erkenning ontvang het by die LAGMA-toekennings 2026 vir sy bydrae tot gemeenskapsontwikkeling en die staatsdiens; erkenning gee aan sy toewyding om die mense van sy wyk te dien, sy rol om die gaping tussen die gemeenskap en plaaslike regering te oorbrug, en sy voortgesette toewyding om inwoners se lewe te verbeter; en kennis neem dat sy erkenning die belangrikheid van gemeenskapsleierskap en die positiewe impak van volgehoue, mensegesentreerde diens weerspieël.

Goedgekeur.

39. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Tobias Kleinhans-Le Roux, 'n maatskaplike werker van Kuilsrivier, gelukwens nadat hy erkenning ontvang het as een van die sewe streekswenners van die Hoopdraer-toekenning ("Hope Bearer"); erkenning gee aan sy toewyding om weerlose individue en families te ondersteun, dikwels onder moeilike omstandighede; erkenning gee aan die betekenisvolle impak van sy werk om hoop en bystand te bied aan diegene wat dit nodig het; kennis neem dat sy prestasie die kritieke en dikwels ondergewaardeerde rol van maatskaplike werkers beklemtoon om aan maatskaplike uitdagings aandag te skenk en gemeenskappe te versterk; Tobias Kleinhans-Le Roux aanprys vir sy meelewing, toewyding en diens; en hom voortgesette sukses met sy belangrike werk toewens.

Goedgekeur.

40. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer en skok kennis neem van die tragiese moord op raadslid Lazola Gungxe, wat noodlottig geskiet is nadat hy 'n gemeenskapsvergadering in Crossroads, Kaapstad, bygewoon het; erkenning gee aan sy diens aan die gemeenskap as 'n openbare verteenwoordiger; kennis neem dat sy moord nie net 'n verlies vir sy familie en kollegas is nie, maar ook 'n slag is vir gemeenskapsleierskap en demokratiese deelname; en innige meegevoel betuig met sy familie, vriende en almal wat deur sy dood geraak is.

Goedgekeur.

41. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van kameraad Selinah Qamngana; kennis neem dat haar dood 'n beduidende verlies is vir haar familie, kamerade en almal wat haar geken het; kennis neem dat sy onthou sal word vir haar toewyding, krag en die rol wat sy in haar gemeenskap gespeel het; innige meegevoel betuig met haar geliefdes in hierdie moeilike tyd; en haar lewe en bydrae vereer.

Goedgekeur.

42. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Phindile George gelukwens met sy eedaflëgging as 'n PR-raadslid by die Stad Kaapstad; kennis neem van sy lang toewyding aan gemeenskapsveiligheid en die staatsdiens; kennis neem dat sy bevordering tot hierdie rol voortgesette vertronë weerspieël in sy leierskap en sy toewyding om gemeenskappe te dien; hom voorspoed toewens met sy nuwe verantwoordelikhede; en uitsien na sy voortgesette bydraë tot die verbetering van inwoners se lewë.

Goedgekeur.

43. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en gelukwensë uitsprekë nã die uitslag van die tussenverkiesing in wyk 104, Dunoon, waartydens die African National Congress as oorwinnaar uit die stryd getree het en raadslid Bulelwa Mayende as die nuut verkosë raadslid verwelkom is; erkenning gee aan die demokratiesë deelname van inwoners van die wyk; erkenning gee aan die vertronë wat in hul verkosë verteenwoordiger geplaas is om gemeenskapsbehoefte en plaaslike ontwikkeling te bevorder; raadslid Mayende voorspoed toewens met haar nuwe verantwoordelikhede; en uitsien na opbouende skakeling in diens van die mense van wyk 104.

Goedgekeur.

44. Prof N Mbombo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die 14%-afname in padsterfte in die Wes-Kaap gedurende die Paastydperk van 2026 as gevolg van verhoogde sigbare polisiëring en strengere wetstoëpassing; verder kennis neem van die proaktiewe pogings van verkeersbeambte, insluitende voertuigbeheerpunte, inhegtenisnemings vir dronkbestuur, en die verwydering van onpadwaardige voertuie van ons paaie; erkenning gee dat, alhoewel vordering gemaak is, volgehoue waaksaamheid nodig is om aandag te skenk aan roekelose bestuur aan te spreek en om kwesbare padgebruikers te beskerm; en verder erkenning gee aan die DA-geleide Wes-Kaapse Regering se verbintenis om padveiligheid te prioriteer en beslissende stappe te doen om lewens te red.

Goedgekeur.

45. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Wêreldstemdag op 16 April 2026 herdenk word; verder erkenning gee aan die belangrikheid daarvan om die stemme van weerlose groepe mense, insluitend kinders, gemarginaliseerde gemeenskappe en diegene wie se belange dikwels nie gehoor word nie, te versterk; en 'n beroep doen op alle tersaaklike belanghebbendes om inisiatiewe, programme en beleide te bevorder wat toesien dat elke burger die geleentheid het om gehoor, gerespekteer en bemagtig te word om hul eie toekoms te vorm.

Goedgekeur.

46. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die skakeling wat die Ad hoc-komiteë oor die Hervorming van Kinderbeskerming in Saldanha gehou het as deel van sy toesigprogram om die beskikbaarheid en doeltreffendheid van kinderbeskermingsdienste in die Wes-Kaap te beoordeel; verder kennis neem van die kommer wat deur families uitgesprek is oor verdragings met pleegsorgplasinge, leemte in kinderveiligheidsdienste en die druk op frontliniewerke; erkenning gee aan die openhartige getuienisse en praktiese oplossings wat deur gemeenskapslede, praktisyns en belanghebbendes voorgelê is; erkenning gee aan die groot opkoms en aktiewe deelname wat

'n weerspieëling is van die diepe kommer oor die welstand van kinders; en verder erkenning gee aan die waardevolle bydraes wat deur verskeie belanghebbendes, insluitend regeringsdepartemente en entiteite, gemaak is.

Goedgekeur.

47. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van mnr Christopher Solomons, die lang dienende spanbestuurder van die DHL Stormers; verder kennis neem van sy toegewyde diens aan Wes-Kaapse rugby oor baie jare heen, waartydens hy 'n sleutelrol gespeel het in die ondersteuning van spelers en die bestuur, en bygedra het tot die professionaliteit en sukses van die span; erkenning gee aan die respek en bewondering wat hy regoor die rugbysameenheid afgedwing het vir sy toewyding, nederigheid en werksietiek; erkenning gee aan sy bydrae tot die breër sportgemeenskap in die provinsie en die trots wat hy gehelp het om na sy mense te bring; en opregte ondersteuning uitspreek teenoor sy familie, vriende, kollegas en die hele Stormers- en Westelike Provinsie Rugby-gemeenskap in hierdie moeilike

Goedgekeur.

48. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die amptelike verklaring van die historiese Javia Masjid by Markstraat 43 as 'n Provinsiale Erfenisterrein met ingang 27 Maart 2026; verder kennis neem dat die moskee, wat tussen 1850 en 1870 deur vrygestelde slawe en vry swart mense gebou is, die oudste oorblywende plek van aanbidding in die Strand is en 'n hoeksteen van die Moslem-gemeenskap se erfenis in die Wes-Kaap is; erkenning gee aan sy rol nie net as 'n plek van aanbidding nie, maar ook as 'n sentrum van onderwys en maatskaplike samehorigheid; erkenning gee aan sy argitektoniese waarde as 'n seldsame voorbeeld van 19de-eeuse konstruksie met kleibaksteene; verder kennis neem van die ontberings wat die gemeenskap tydens apartheid verduur het; en alle belanghebbendes aanprys wat betrokke was by die bewaring en erkenning van hierdie belangrike kulturele en historiese baken.

Goedgekeur.

49. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van mnr John Ntshibilikwana (4 September 1937 tot 2026), wat in Robert Sobukwe Town (Graaff-Reinet) gebore is, en 'n gerespekteerde tolk by die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement was; verder kennis neem van sy lang diens by die Provinsiale Parlement waar hy 'n belangrike rol gespeel het om Lede van die Provinsiale Parlement by te staan deur taalgrense te oorbrug en volledige en doeltreffende deelname aan parlementêre verrigtinge te verseker; erkenning gee aan sy toewyding aan openbare diens, toeganklikheid en inklusiwiteit in demokratiese prosesse; erkenning gee aan sy bydrae tot die kulturele lewe van sy gemeenskap deur musiek; en opregte ondersteuning uitspreek teenoor sy familie, vriende, kollegas en almal wat hom geken het.

Goedgekeur.

50. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die verhoging in die nasionale minimum loon tot R30,23 per uur, wat op 1 Maart 2026 in werking getree het, soos aangekondig deur die Minister van Indiensneming en Arbeid, wat 'n opwaartse aanpassing van R28,79 per uur is; erkenning daaraan gee dat hierdie verhoging daarop gemik is om die lewensbestaan van miljoene lae-inkomste-werkers te verbeter,

insluitende huis- en plaaswerkers, wat steeds van die weerloosste mense in ons ekonomie is; verder kennis neem dat, alhoewel die verhoging 'n stap in die regte rigting is, baie werkers steeds sukkel om by te bly met die stygende lewenskoste, wat die behoefte aan 'n bestaanbare loon wat waardigheid en ekonomiese geregtigheid herstel, beklemtoon; en 'n beroep op die provinsiale regering doen om toepassingsmeganismes te versterk om volle nakoming deur werkgewers te verseker en om voort te gaan om maatskaplike vennote te betrek om lone en werksomstandighede progressief vir alle werkers te verbeter.

Goedgekeur.

51. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die betekenisvolle mylpaal dat Suid-Afrikaanse uitvoere vanaf 1 Mei 2026 volle toegang tot China sal geniet sonder tariewe kragtens die China-Afrika- ekonomiese vennootskapsooreenkoms ("China–Africa Economic Partnership Agreement" of CAEPA), wat 'n belangrike stap vorentoe is in die versterking van handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en een van die wêreld se grootste ekonomieë; verder kennis neem dat hierdie ontwikkeling toegang verleen tot 'n groot verbruikersmark ter waarde van ongeveer R3,5 triljoen, wat betekenisvolle geleenthede bied vir Suid-Afrikaanse produsente, vervaardigers en uitvoerders om hul reikwydte uit te brei, mededingendheid te verhoog en ekonomiese groei te stimuleer; erkenning gee aan die potensiaal van hierdie ooreenkoms om sleutelsektore van die ekonomie te bevorder, werkskepping te ondersteun en Suid-Afrika se breër ekonomiese transformasie- en industrialiseringsdoelwitte te bevorder, veral vir opkomende en kleinskaalse ondernemings wat graag toegang tot wêreldmarkte wil kry; en dus 'n beroep op die provinsiale regering doen om plaaslike sakeondernemings aktief te ondersteun en te bemagtig om ten volle voordeel te trek uit hierdie nuwe handelsgeleenthede, en sodoende te verseker dat die voordele van uitgebreide marktoegang inklusief is en dat hulle histories benadeelde gemeenskappe bereik, en om geteikende ingrypings te implementeer wat uitvoergroei en volhoubare ekonomiese ontwikkeling sal maksimaliseer.

Goedgekeur.

52. Die Huis verdaag om 18:30.

Ressida K Begg
Sekretaris van die Provinsiale Parlement